

Ek sal daai dag nooit vergeet nie

Sebastian Frederikus die derde is in 'n mislike bui. 'n Mens sou kon sê hy is die hoenders in, behalwe dat hy die hoenders ken en hy wil hulle nie omkrap nie. Hy wil nie hier wees nie. Hy het planne gehad, maar hulle vra mos nooit of dit vir hóm gerieflik is nie.

Hy skuif ongemaklik sy voete rond en dink aan Appelliefie. Hy wens amper sy kan hom so sien na hulle hom opgetof het. Hy was veronderstel om haar vandag onder die ou akkerboom by die stroompie te ontmoet. Dit is 'n pragtige dag ook - perfekte weer om haar uiteindelik te sê hoe hy oor haar voel. Maar nee, hy moet hier sit en soet wees terwyl Phineas Augustus die tweede kans kry om in haar ore te fluister. Die gedagte laat sy bloed kook. Om hom dreun daar 'n geraas van stemme, musiek en vreemde klanke. Hy is terselfdetyd kwaad en verveeld. Hulle staan langsaan en praat oor vervelige dinge. Dit is nie eers asof hulle hom in enige van hulle belangrike gesprekke oor die weer wil insluit nie. Gmf!

Maar hy probeer nog ordentlik lyk toe 'n selfversekerde iemand verby loop en hom goed bekijk. Die persoon skryf iets in 'n boekie. Hulle lyk nogals ingenome en gee hom 'n tevrede klap tussen die blaaië. Dit doen niks om sy bui te verbeter nie. As hulle gekry het wat hulle wil hê, kan hy nie nou maar huis toe gaan nie? Blykbaar nie. Al wat hy kan doen is wag en stoom. Hy troos homself met 'n bietjie kos. Dit is nou nie so sappig soos dit waaraan hy gewoond is nie, maar dit is darem iets. Hy is 'n fris ou en hy't sy voedsel nodig. Dit help ook 'n bietjie om die tyd om te kry. Maar toe hy weer kyk, vat hulle dit ook weg. Dit is die laaste strooi. Letterlik.

Hy het genoeg gehad. Hy stamp sy voete en gooi sy enorme kop heen en weer. Hy sou gewoonlik nooit aan so 'n rebellie dink nie maar hulle het hom nou te ver gedruk. Hy gooi sy lyf teen die heining en toe dit nie werk nie, druk hy dit eenvoudig oor. Vryheid!

Hy trippel rond. Waar moet hy eerste chaos saai? Daar's 'n aaklige klank wat uit 'n boks op 'n paal blaker. Hy sal dit stop. Hy buk en gooi sy agterpote in die lug. Dan storm hy op die oorsprong van die geraas af.

Dit werk! Hy het sy vyand oorwin. Die paal en die boks lê in stukkies op die grond. Mense gil maar hy steur hom nie daaraan nie. Hy kyk rond vir sy volgende teiken. Aha, daar's 'n tent met 'n klomp kleurvolle vlaggies wat in die wind wapper. Hy draf nader en laat waai. Sjoel! Maar dit is eintlik pret. Hy sal vandag nooit vergeet nie!

'n Paar uur later sit 'n mismoedige boer in die kroeg en staar na sy bier. In sy hand hou hy 'n blou strik tot vlinters getrap. Nog leesbaar is die woorde: "Eerste prys: Bonsmara bul". Sy pêl, Koos, koop hom nog 'n bier.

"Wie sou dink dat daardie mak bulletjie van jou so tekere kon gaan. Ja, nee, niemand sal vandag ooit vergeet nie."